die Wapad

Jaargang XVI DINSDAG, 28 MAART 1961 Nr. 2

OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# SELFWERKSAAMHEID BINNEKORT VERWESENLIK

**'n BESLUIT DAT SELFWERKSAAMHEID in die koshuise van die P.U. vir C.H.O. in die praktyk toegepas sal word, is onlangs op 'n algemene koshuisvergadering wat in die Studentesaal gehou is, geneem.**

Verlede jaar is reeds op 'n massavergadering ten gunste van selfwerksaamheid besluit en daar is nou op aandrang van die rektor, prof. J. Chr. Coetzee, besluit om die beginsel daadwerklik in die praktyk toe te pas.

Die besluit wat as aanbeveling by die rektor sal dien, hou in dat die kosgangers bereid is om hul kamers self te versorg, te help met bediening in die eetsaal en verder ook om behulpsaam te wees met die ingee en afhaal van wasgoed.

'n Besluit wat vroeër die aand geneem is, nl. om daarby te voeg dat die inwoners van die koshuise bereid is om selfwerksaamheid toe te pas, mits koshuisgelde verlaag word, is later herroep.

Daar is gestel dat dit onwenslik is om, nadat reeds in beginsel ten gunste van selfwerksaamheid besluit is, sekere eise t.o.v. die praktiese uitvoering daarvan, te stel.

**LEWENDIG**

'n Besondere lewendige bespreking ten gunste van die uitvoering van selfwerksaamheid, asook daarteen was 'n kenmerk van die vergadering. 'n Groep van ongeveer 50 kosgangers het selfs in een stadium die saal verlaat uit protes teen die ordereëling tydens die vergadering.

Dit was egter duidelik dat, hoewel daar meningsverskil oor die praktiese uitvoerbaarheid van die beginsel in hierdie stadium bestaan het, die vergadering eenstemmig was oor die feit dat selfwerksaamheid vir die koshuise toegepas behoort te word.

**FINALE BESLUIT**

Die finale besluit ten gunste van die praktiese uitvoerbaarheid onder die drie hoofde en sonder die stel van enige voorwaardes is met weinig teenstand aangeneem deur die kosgangers.

Na verneem word sal hierdie besluit nou aan die rektor voorgelê word waarna by 'n geskikte geleentheid oorgegaan sal word tot die praktiese deurvoering daarvan.

● As u dus later in die jaar of in volgende jaar 'n groep manstudente met besems oor hul skouers sien loop, hoef u nie te dink dat daar nou van gevaarlike wapens gebruik gemaak word om te beslis wie nou eintlik die baas van die (oorlede) visdam is nie. Hulle sal maar net besig wees met hulle gewone daaglikse roetine van bedopmaak-en-uitvee-om-die-kamers-aan-die-kant-te-kry. — (Eie berig.)

## Hans van Zyl Dirigent

**Vir die derde agtereenvolgende jaar sal mnr. Hans van Zyl tydens Intervarsity voor die Pukke optree —hierdie keer as hoofdirigent.**

In 1959 en 1960 het mnr. Van Zyl as onderdirigent reeds sy spore



Hans van Zyl.

gewys en gesag ingeboesem met sy vindingryke „wit".

Mnr. Frik van Deventer is aangewys as hulpdirigent.

Die A.B.K.K. het alle aspirant dirigente geleentheid gebied om tydens sing-songs op te tree. Die massa se gevoel is getoets in hierdie saak voordat die A.B.K.K. sy benoemings gemaak het.

## Sterk Rugbyspan Gaan Toer

Die rugbyspan van die P.U. vir C.H.O. wat gedurende die vakansie 'n toer na Suid-Westelike Distrikte onderneem, is soos volg saamgestel:

Schalk Hoogenboezem, Hannes Sauerman, H. B. van der Walt, Eddie van der Westhuizen, Johan Serfontein, Johan van der Schyff, T. C. Coetzee, Carl Grundlingh (onderkapt.), Tamatie Boshoff, Piet van der Schyff, Poens Prinsloo (reisvader), Wil de Waal, Piet Bingle, Barend Lessing, D. McDonald, Nic Swart, K. du Plessis, Herman Venter, P. Wolhuter, Koos du Plooy, Piet Bosman (kapt.), en Jan Combrinck.—

## Pukke Staan Bankvas Om Dr. Verwoerd Te Ontmoet

SOWAT 330 PUKKE het verlede Maandag bankvas op Jan Smutslughawe gestaan om te midde van ruim 4.000 ander studente van die Noordelike Universiteite en Onderwyskolleges die Eerste Minister, dr. H. F. Verwoerd, welkom te heet.

Die Pukke het met 'n spesiale trein na Johannesburg gereis.

Namens die studente van die Afrikaanse Universiteite het mnr. H. J. D. van der Walt, president van die A.S.B., trou en steun beloof aan dr. Verwoerd en die ander volksleiers.

Dr. Verwoerd het in sy bedankingswoord spesiaal melding gemaak van die studente se geesdrif en steun om hom en sy gevolg op die lughawe te ontmoet.—(Eie berig.)



Die Premier, dr. Verwoerd.

## Prof. Du Preez Oorlede

**Prof. D. C. S. du Preez, hoogleraar in Sosiologie aan die P.U. vir C.H.O., is Sondagoggend in die Pretoriase Volkshospitaal oorlede nadat hy 'n hartoperasie ondergaan het.**

**Prof. Du Preez is op 18 April 1903 gebore en het die leerstoel in Sosiologie in 1943 aanvaar. Hy was voorheen verbonde aan die departemente Opvoedkunde en Sielkunde.**

**Die begrafnis vind moremiddag (Woensdag om drie-uur vanuit die Geref. Kerk Potchefstroom-Noord plaas.**

**● Aan die eggenote en familie van wyle prof. Du Preez betuig Die Wapad langs hierdie weg diepe meegevoel in hulle swaar verlies.—(Red., D.W.)**



**Wyle dr. Frans du Toit, in lewe kanselier van die Universiteit.**

# Hulde aan wyle dr. Frans du Toit

DIE SKIELIKE afsterwe van dr. Francois Jacobus du Toit, in lewe kanselier van die P.U. vir C.H.O., in Bangkok het die Universiteitsgemeenskap diep getref en geskok.

Hoewel die meeste studente se persoonlike kennis van wyle dr. Du Toit waarskynlik selde verder as tydens gradedag gestrek het, was hy 'n man wat deur almal hoog geag is.

Hy was 'n indrukwekkende man: beskeie en vriendelik met stralende standvastigheid; 'n man met vaste oortuigings; 'n sieraad en 'n leier in ons volkslewe.

**PLIGSBESEF**

Op baie terreine het hy beweeg en op baie dinge het hy sy hand gelê. Wat aan hom toevertrou is, het hy met nougeset heid en verantwoordelike pligsbesef volvoer.

Dr. Du Toit is in 1897 in Colesberg gebore. Benewens joernalis en onderwyser aan die beginjare van sy loopbaan was hy van 1925 af vir 'n aantal jaar in diens van die Staat.

Hy het in 1925 diens aanvaar as ekonoom by die Departement van Landbou en is bevorder tot assistent-handelskommissaris van die Unie in Londen en later senior handelskommissaris in hierdie stad.

Van 1937 tot 1943 was hy amptelike sekretaris van die Unie se Hoë Kommissaris in Londen. Hy het byna 14 jaar in hierdie stad diens vir die Unie gedoen.

**VELE RIGTINGS**

Dr. du Toit was gedurende die tydperk 1929 tot 1934 hoofsaaklik verantwoordelik vir die stigting van die Raad vir Inmaak van Voedsel, die Adviserende Raad vir Huide en Velle, die S.A. Wolraad, en die S.A. Nasionale Wolkwekersvereniging.

Hy is in 1946 aangestel as voorsitter van die tussentydse komitee vir die beplanning van die Vrystaatse Goudveld terwyl hy in 1947 aangewys is as voorsitter van die Raad vir Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne waarby eersgenoemde ingelyf is.

**NATUURLIKE HULPBRONNE**

Hy is in 1944 aangestel as sekretaris van Handel en Nywerheid en het hierdie betrekking in 1949 neergelê om hom voltyds as voorsitter te wy aan

(Vervolg in kolom 3)

(Vervolg van kolom 5)

die werk van die Raad vir Natuurlike Hulpbronne. Die taak het hy in 1956 neergelê om professionele raadgewer van die Minister van Ekonomiese Sake te word.

Hy is ook aangewys as voorsitter van die direksies van Sasol en Foskor en ondervoorsitter van Yskor.

Dr. Du Toit het in 1954 'n ere-doktorsgraad in die Ekonomiese Wetenskap van die P.U. vir C.H.O. ontvang en was sedert die afsterwe van prof. Joon van Rooy kanselier van die Universiteit.

**(Die Wapad bring langs hierdie weg hulde aan die nagedagtenis van „Oom Frans" du Toit. —Red. D.W.)**

*Gou! Vinnig! HARDLOOP!*

EN BESPREEK
OM TELEURSTELLING TE VOORKOM
**NOU**
VIR
**GRADEDAGFOTO'S**
BY
*Fotokuns*
TOMSTRAAT 82 FOON 3185
*Sentrum vir Fotografie, Grammofoonplate, Kunsvlyt*

Wes-Transvaalse
SPORT-
WINKEL
KERKSTRAAT 85

ENIGSTE
VERSKAFFER
VAN
OFFISIËLE
KLEURE

WELKOM KAFEE
en RESTAURANT
Onder nuwe bestuur:
H/v Von Wiellighstraat en Presidentstraat
Telefoon 515
Vars Melk
5d. PER PINTBOTTEL
7d. PER KARTON
Besoek ons gerus en probeer ons
★ Vars Koue Druiwesap
★ Melkskommels
en alle ander
★ Vars Lekkernye
Ook WALL'S ROOMYS en Vars Groente en Vrugte.
Wees verseker van die BESTE DIENS in die dorp.
★
Tye: 6.30—10.30 nm.
Naweke: 6.30—11.30 nm.

DIE BULT
DROOGSKOONMAKERS
(EDMS.) BPK.
Vir Vinnige en Deeglike Diens
Tomstraat 90 Telefoon 2237

KOM NA DIE
"SHINE"
VIR 'N POTJIE SNOOKER
en
PRYSE SO REG NA DIE STUDENT SE SAK

Vir daardie hol gevoel op die maag . . .
Ons bak die
HEERLIKSTE
Vleispasteitjies
Turkstra
BAKKERY BAKERY
(EDMS.) BPK.
Kerkstraat 61 Potchefstroom

die Wapad

REDAKSIE EN ADMINISTRASIE

| | |
|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Dirk Herbst (X041 of 523) |
| ASSISTENT-HOOFREDAKTEUR | Dewald Roode (1566) |
| NUUSREDAKTEUR | Izak Lessing (425) |
| REDAKTEUR INTERUNIVERSITêR | Prinsloo Potgieter (X041) |
| REDAKTEUR STUDENTERAADSNUUS | Piet Bingle (X068) |
| REDAKTEUR VARIA | Johan Serfontein (X041). |
| KUNSREDAKTEUR | Johan van der Merwe (19) |
| SPORTREDAKTEUR | Piet van der Schyff |
| PROEFLESER | Marius Aucamp (X068) |
| PENNINGMEESTER | Nic Swart (X041). |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Ernie van der Merwe (X041) |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Barend Lessing (425) |
| SEKRETARESSE | Breggie van Rooy (X044) |
| FOTOGRAAF | Hannes Sauerman (X041) |
| VERSLAGGEWERS | |

Elsa Pelser, Herman Steyn en Leon Croeser (nuus), Irene Rumpff (kuns en kultuur), Albertha Howell, Antonie Richards en Faan Oosthuizen (sport) en Hermien le Roux en Frik van Deventer (varia).

# Waarheen nou S.A.?

Die afgelope Premierskonferensie in Londen het Suid-Afrika finaal onder die indruk gebring van hoe alleen ons werklik in die wêreld staan.

In hierdie tyd moet ons waak teen veral twee uiterste strominge.

Die eerste is dat dit nou vir goed gedaan is met S.A. Daar is diegene wat meen dat ons nou maar bondeltjie kan vat en padgee uit hierdie land uit en dat 'n ekonomiese ramp ons land getref het.

Laat ons duidelik stel dat ons nie saamvoel met hierdie swartkykers nie. Ons uittrede uit die Statebond verander nie ons posisie in die internasionale handelswêreld nie. Kapitaal sal nie nou skielik skaars word nie, maar skaars bly, want kapitaaltekort is 'n probleem van die hedendaagse wêreld.

BELEGGERS

Boonop is buitelandse beleggers skrikkerig vir Afrika met sy ,,winde van verandering" en gevolglik ook vir die Unie uit hoofde daarvan dat dit in Afrika lê.

Hierbenewens het die Unie, Brittanje en die Federasie reeds te kenne gegee dat bestaande handelsbetrekkinge behoue sal bly. Hieroor hoef ons dus nie koppe te breek nie, want waar die een wyn het om te verkoop, het die ander motorkarre.

Mens moet ook onthou dat in die internasionale handelswêreld niemand bereid is om maklik handel ter wille van 'n bepaalde ideologie prys te gee nie — mense soek 'n uitweg, 'n omweg.

TABAK

Die tweede stroming waarteen ons in alleenheid moet waak, is om ons pyp vol republikeinse tabak te stop en dan agteroor te sit in 'n fatalistiese selfgenoegsame houding. In selfbejammering mag ons nie verval nie.

Ons is nou wel geïsoleer en het geïsoleer geraak as gevolg van 'n omwenteling in die middel-twintigste eeuse geskiedenis: die onttrekking deur Wes-Europa aan koloniale gesag aan Afrika en ons agterlating as enigste blanke volk in 'n swart kontinent, deur wedywering en sieklike vryasies van Oos en Wes na die guns van onrype vrywordende swart volkere van Afrika.

Ons bevind ons in 'n toestand waar selfs ons mede-Westerlinge en geloofsgenote ons bestaan alhier as 'n misdaad beskou.

EIE HEIL

Te midde van dit alles gaan ons nie verval in noodlottige selfbejammering nie. Ons gaan in die woorde van dr. Verwoerd ons eie toekoms uitwerk, met krag en vuur van ons oortuiging en met geregtigheid teenoor alle volke.

Ons taak is om ons kritici te bewys dat ons verantwoordelik en selfstandig is om ons eie heil uit te werk en die leisels van S.A. stewig in eie hande te neem; dat dit vir ons moontlik is om vriendskap te behou met hulle wat bereid is om ons vriendskap te bied en in vrede en vriendskap met ons swart bure te bestaan.

Die tyd wat voorlê is egter geen droomparadys nie: dis 'n tyd vir werk en offer; 'n tyd waarin ons onafhanklik van ander kan arbei aan die verwesenliking van ons ideaal: afsonderlike en harmonieuse ontwikkeling vir blank en nie-blank.

En op die vraag: ,,Waarheen nou S.A.?", antwoord ons: ,,Niks te wanhoop as God die leier is".

# In U Lig

**DIE bestaan vir die blankes aan die suidpunt van Afrika word hoe langer hoe angstiger. Die gebeure van die afgelope weke het dit weer vir ons duidelik laat word.**

**Lees Pss. 42 en 43, Mk. 14 : 32—34, 15 : 34.**

Eers moes ons bure noord van die Limpopo dit ondervind dat dit vir hulle stamgenote in die Verenigde Koninkryk meer gaan om die guns van die swartman as om die veiligheid van mense wat hulle eie kultuur uitdra die wildernis in. Daarna was dit die beurt van Suid-Afrika om die koue wind van vyandskap en eensaamheid wat daaruit voortvloei, te ondervind.

Die taal van die psalmis, ,,. . . al u bare en u golwe het oor my heengegaan . . .", is vir ons, die jongere geslag, feitlik onbekend. Ons het in 'n besondere voorspoedige tyd opgegroei. **Die aanduidings is daar dat** ons die werklikheid daarvan in die nabye toekoms aan eie lyf mag voel soos nog selde in die geskiedenis die **geval was.**

Daarom mag dit vir ons goed wees om te let op die psalmis se beproewing.

**BEPROEWING**

Psalms 42 en 43 laat ons iemand in diepe eensaamheid sien. Hy verkeer in ballingskap ver van sy eie af in die wildernis. Rondom hom rys die hoë kruine van die Hermons en die diep afgronde.

Waters stort met donderende gedreun oor die kranse. Gedurig word hy getreiter deur 'n onbarmtige volk en 'n man van bedrog en onheil. Hulle spot met al wat vir hom dierbaar is; veral met sy godsdiens en vertroue op God.

Tog is sy eensaamheid nie onuithoudbaar nie, want telkens kan hy uitroep: Wat buig jy nou neer, o my siel, en is onrustig in my? Hoop op God; want ek sal Hom nog loof—die verlossing van sy aangesig!

As die drenkeling dreig om weg te sink in die watergolwe bly God vir hom 'n rots bo die branding, 'n Verlosser uit al sy benoudheid.

Ten spyte van al sy sonde en ellende, van al die foute wat hy gemaak het in die verlede en wat dalk mede verantwoordelik is vir die benarde posisie waarin hy hom tans bevind, is die gelowige veilig te midde van sy allergrootste beproewing en eensaamheid, want **hy kan heenwys na die beproewing van Christus.**

**INNERLIKE LYDE**

Die lydensgeskiedenis van Christus word vir ons besonder sober geteken. Daar word vertel van die dinge wat Hom aangedoen word. Oor die innerlike lyde en vernedering wat Hy ter wille van ons moet dra, hang daar 'n sluier. Hoe sal ons daar iets van kan begryp?

Ons begryp nie eers die grootte van die ellende waaruit Hy ons verlos nie. Tog word aan ons twee blikke gegee in hierdie diepe smart.

In Getsemané sê Hy aan die drie dissipels wat die naaste aan Hom gestaan het: **My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak.**

Hierdie woorde laat sterk dink aan die refrein uit Pss. 42 en 43 waarna ons verwys het. Die droefheid en smart wat Christus hier dra, is die droefheid van die eensame lyer daar; dit is die eensaamheid en smart van die mensheid deur die eeue; dis ook die droefheid en eensaamheid wat ons nou al in ons jong lewens ervaar en wat die toekoms in so 'n ruim mate aan ons belowe—die droefheid as gevolg van die sonde op aarde.

**DIE VERSKIL**

Tussen sy smart en ons smart is daar die verskil dat ons tot God kan roep om verlossing; dit is nie tot die dood nie, maar dring ons na die God van die lewe. Maar hy is bedroef tot die dood, omdat hy versoening moet doen vir die oordeel

(Vervolg op bls. 3)

# Steeds Konfederasie

Hoewel die nuwe jaar nog niks noemenswaardigs op die gebied van tussenuniversitêre verhoudinge opgelewer het nie, staan dit vas dat die vraagstuk van kontak en samewerking hom in die loop van die jaar pertinent sal voordoen.

Dat dit steeds die begeerte van die Afrikaanse student — en daarmee van die A.S.B. — is om kontak en medewerking met andersdenkendes te verkry, spreek uit die voorgenome sitting van die Beleidsraad van die A.S.B. teen die middel van April in Pretoria.

Die vraag bly steeds: Langs watter weë moet kontak en uiteindelik dan samewerking verkry word?

Die Afrikaner wil noodwendig kragtens sy hele tradisie en volksaard 'n organisasie hê waarin hy 'n staanplek kan behou sonder prysgawe van beginsels. So 'n organisasie kan slegs konfederatief wees.

BEHOU EIE AARD

Konfederasie waarborg dat elkeen sal bly wat hy is — Nusas, die A.S.B. en die nie-blanke student. Binne die konfederatiewe raamwerk kan praktiese verskille en vyandiggesindheid uit die weg geruim word.

Die president van die A.S.B., mnr. Hennie van der Walt, het verlede jaar in 'n toespraak in Bloemfontein die erns van die saak as volg gestel: ,,Vyandiggesindheid kan nóg vir Engelssprekende, nóg vir die Afrikaanssprekende, nóg vir die nie-blanke tot heil wees. Konfederatiewe samesprekings sal die nodige harmonie in studentebetrekkinge skep".

Die groot probleem ten opsigte van samekomste in die verlede was steeds die grondslag van verteenwoordiging. Laat dit by herhaling duidelik wees dat die A.S.B. geen beswaar teen gemengde byeenkomste het nie, mits sy grondslag van verteenwoordiging nie verkrag word nie en sosiale segregasie behoue bly.

LOFWAARDIG

Dit sal dan ook voorwaar lofwaardig van Nusas wees as hy vanjaar ophou met blindelingse verset teen die A.S.B. se grondslag van verteenwoordiging sodat Afrikaner, Engelsman en nie-blanke kan ontmoet met as afspringplek die organisatories - administratiewe terrein binne konfederatiewe raamwerk.

Dit is ons ideaal dat Afrikaanse, Engelse en Bantoe Studentebonde in die lewe geroep sal word, elk met sy eie kultuurgrondslag, gekoppel deur 'n begrip van samewerking in konfederasie.

Daarmee is die riglyn vir toekomstige tussenuniversitêre betrekkinge gestel. Langs hierdie lyne is daar vir almal plek in S.A. wat die land as tuiste aanvaar. Oor sake van gemeenskaplike belang word op konfederatiewe grondslag saamgespan; oor teer en innige sake besluit elke groep vir homself.

# Die Besembos Vanjaar In 'n Nuwe Gedaante

DIE BESEMBOS GAAN VANJAAR in 'n heeltemal ander en oorspronklke gedaante verskyn: die buiteblad sowel as die inhoud sal modern en interessant wees.

Wat baie prikkelend behoort te wees, is die artikels wat geskryf sal word deur persone in die buiteland oor studenteverhoudinge en studentelewe oorsee. Verder sal daar artikels geplaas word oor die Suid-Afrikaanse student se posisie, gesien in die breër raamwerk van internasionale studenteverhoudinge.

Met die aanstaande uitgawe van Die Besembos sal daar ook 'n kort beskrywing wees oor die titel van die blad: die ontstaan en betekenis daarvan.

### VANJAAR VROEËR

Die Besembos sal hierdie jaar vroeër as ander jare verskyn, naamlik



Dries Yssel, redakteur van Die Besembos.

op 13 September en die verwagting is dat 1,000 eksemplare gedruk sal word.

Die redaksie doen 'n beroep op Pukke om artikels voor 23 Mei by die verskillende redaksielede in te lewer. Kort vullers—rariteite, gediggies en hekelpunte, sal ook baie welkom wees. Die redaksie wag wenke vir die buiteblad in.

Plakkate in hierdie verband sal nog aangebring word vir verdere besonderhede.

Klem sal val op die feit dat Die Besembos 'n studente-orgaan is. Die inhoud daarvan behoort dus alle Pukke en ander studente se belangstelling te prikkel.

# Vier Atlete Na die Paarl

Die volgende Pukke is gekies om Wes-Transvaal op die S.A. Atletiekkampioenskappe wat gedurende die Paasnaweek in die Paarl gehou word, te verteenwoordig.

Hulle is Johan van der Walt (1 myl), Hentie Joubert (440 tree), Pietman Botha (100 tree en 220 hekkies, O/19) en Johan van der Schyff (verspring en 220 hekkies, O/19).

Volgens ingeligte bronne het Thomas Lotz (3 myl) net-ent nie die span gehaal nie.—(Eie berig.)

* * *

### ATLETE VAAR GOED

Tydens die Suid-Transvaal-kampioenskappe wat op 18 Maart te Benoni plaasgevind het, het Hentie Joubert die 440 tree in die besondere goeie tyd van 49 sek. gewen.

Met elke byeenkoms verbeter



Johan van der Walt.

Joubert en daar word uitgesien na sy vertoning op die S.A. Kampioenskappe.

Hoewel hulle nie eerste plekke behaal het nie, het ook Johan van der Walt, daardie gedugte klein mylatleet, Van Vreden (naelloper) en M. Hicky hul stemme dik gemaak.

* * *

### SKITTEREND

Skitterende vertonings is deur Johan van der Schyff en Pietman Botha gelewer op die Wes-Transvaalse kampioenskappe wat op Saterdag, 25 Maart op Potchefstroom gehou is. Wat dit des te merkwaardiger maak is dat die twee atlete albei aan dieselfde nommer deelgeneem het.

In die finaal het Van der Schyff vir Botha, wat sy uitdun in 'n skitterende tyd gewen het, met 'n tree geklop in die uitstekende tyd van 25.3 sek.

Johan van der Walt is net-net na n' taai wedloop deur Patrick geklop. Van der Walt se tyd was om en by die 4 min. 25 sek.

Hentie Joubert kon net nie daarin slaag om die ervare Cerneels Cronje in die 440 te klop nie, dog het die goeie tyd van 48 sek. opgestel. Cronje se wentyd was 47.8 sek.

Tom Lotz het tweede na die ervare Cyrill Bentall geëindig in die drie myl.—(Eie berig.)

# Pluimbal Kry Nuwe Lewe

Daar is vanjaar besluit om voort te gaan om pluimbal aan die P.U. te speel. Lede van die bestuur is baie geesdriftig oor die toekoms van die klub en het selfs planne om in die nabye toekoms aansoek te doen om ingeskakel te word as lid van die S.S.B.

Vyf-en-twintig persone het reeds aangemeld om pluimbal te speel en die bestuur hoop dat nog meer Pukke van die gulde geleentheid gebruik sal maak aangesien hierdie sportsoort in die laaste jare vinnig veld wen in S.A.

Groot planne word in die vooruitsig gestel en afgesien van ander wedstryde wat gereël kan word, bestaan daar ook 'n groot moontlikheid dat met Intervarsity U.O.V.S. gewys kan word hoe pluimbal gespeel moet word!

Die bestuur van die klub bestaan uit: Daan Malan (kapt.), H. B. van der Walt (O/kapt.), Ina Venter (sekre.), en Louis du Toit en Gerda Woudstra (add. lede).—(Eie berig.)

# IN U LIG

(Vervolg van bls. 2)

wat daar agter ons smart sit. Daarom is Hy in hierdie smart nie alleen eensaam en verlate van die mens, van sy dissipels wat rustig slaap nie, maar ook van God; moet Hy aan die kruis uitroep: **My God, my God, waarom het u my verlaat?**

● Voel u in die aangesig van die dinge wat so verbysterend vinnig om u gebeur verontrus en eensaam? Wonder u soms of u arbeid hier sin het? Omdat Christus gesê het: „Ek is diep bedroef **tot die dood toe**", mag u sê: „Wat buig jy jou neer, o my siel en is onrustig in my? **Hoop op God . . .**"

—JOHAN COETZEE.

# A.B.K.K. se Kunsfees in 'n Nuwe Vorm

DIE A.B.K.K. BEOOG om vanjaar nuwe lewe in die jaarlikse kunsfees te blaas. Die kunsfees sal vanjaar in 'n gewysigde vorm aangebied word deurdat die beoordeling oor 'n langer tydperk sal geskied.

Hierdeur behoort die kunsfees 'n lewendiger belangstelling as in die verlede uit te lok.

### HOOGTEPUNT

Die onderliggame van die A.B.K.K. sal die beoordeling van die items waarby hul betrokke is, reël. Die wenners van hierdie items word geleentheid gebied om op Saterdagaand, 27 Mei in 'n konsert op te tree wat dan ook die hoogtepunt van die kunsfees sal wees. Hierdie aand sal die diplomas aan alle wenners uitgereik word.

Vanaf Maandag, 22 Mei vind die beoordeling van beeldende kunste, letterkunde, fotografie en blommerangskikkings plaas.

Studente word opgewek om al hul beste pogings in fotografie, kuns en letterkunde na die vakansie saam te bring.

### UITDUNNING

Hierdie kunsfees dien ook as uitdunning vir die deelnemers aan die A.S.B.-kunsfees wat gedurende die Julievakansie in Bloemfontein plaasvind. Om hierdie rede geld dieselfde inskrywingsreëls van die A.S.B. vir die A.B.K.K.-kunsfees.

Nadere besonderhede is verkrygbaar by die voorsitter van die A.B.K.K.

# DAME STOF MANS UIT

**Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Puk het 'n dame daarin geslaag om die redenaarskompetisie te wen.**

Mej. Barbara Geertsema, 'n derdejaar B.A.-student, het hierdie besondere prestasie behaal met die tema „Het die blankes in Afrika nog 'n toekoms?"

Die tweede plek is verower deur mnr. Pieter Bingle wat as onderwerp gekies het: „Om 'n goeie opvoeding te ontbeer is nie slegter as om 'n slegte te ontvang nie."

Mnr. Jan Boneschans het die kwessie van beskawing bespreek en daarmee die derde plek ingeneem terwyl mej. Sarie Barnard die vierde plek verower het.

Met die oog op die komende kunsfees, was die eerste redenaarskompetisie van hierdie jaar geslaagd.

Probeer ons eerste vir

AL U BOEKE, SKRYFBEHOEFTES EN ANDER BENODIGDHEDE

OPEN 'N REKENING BY

AJAX

Boeke en Skryfbehoeftes

KERKSTRAAT 159 TELEFOON 3458

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389

POTCHEFSTROOM

Rokmateriaal -- veral roklengtes

NOMOTTA-WOL in voorraad

# Oor en op die Campus

Dit wil mos al vir my voorkom asof die verwydering van die visdam die Kompleks-manne meer moed gegee het om te kys.

Vir die Dawie Doepers sal die gevaar van die watervoor ook nie meer te lank 'n werklikheid wees nie, want hy is al feitlik klaar verlê.

Dis seker daarom dat die kyste so volop is soos niks in die Kalahari of republieke in Afrika.

● Hier volg dan die wat vir hulle permanente belange aangeskaf het:

**Jurie Venter—Annakie Malan.**

**Hennie Breedt—Rita Schutte.**

**Coen de Beer** (van Tukkies)—**Susan Gey van Pittius.**

**Johan van der Schyff—Liedjie Opperman.**

**Willem Vorster—Susan Kotzè.**

**Frank Julyan—Alet Riekert.**

**Tjaart Steyn—Johanna Potgieter** (van Pote).

**Johannes van der Walt—Miekie Toxopeus.**

**Johannes Hoogenboezem — Irene Stavast.**

**Ludwig Röder—Cecilia Oelofse.**

**Louw Joubert** ('n verkoopsagent) **—Thorina Pretorius.**

**Klasie Heysteck—Susan Kruger.**

**Wilhelm van Rooy** (van Carletonville)**—Etta Scheepers.**

**Frikkie van Deventer—Jaenette Robbertse** (van Asterhof in Pretoria).

● Jammer dat ek julle nie hierdie keer nog meer kon vertel nie, maar volgende keer gesels ons weer baie.

Intussen moet julle maar die vakansie geniet—d.w.s. julle moet maar „swôt" as daar tyd is.

Ik heb gezegt,

ONZE OOM LOKOMOTIEF.

# Pukdames Speel Puik Hokkie

**In die eerste wedstryd van die seisoen het die dameshokkiespan getoon dat hulle vanjaar die puik prestasies van verlede jaar wil herhaal. Hulle het Lichtenburg in 'n vriendskaplike wedstryd met 6—0 geklop.**

Ten spyte van die verlies van staatmaker Jo Schoeman is daar verskeie belowende eerstejaars wat gou staatmakers sal word. Veral E. Martins het dadelik die oog gevang.

In 'n taai en harde wedstryd het die A-span Saterdag vir K.A.A.A. I met drie doele teen een die loef afgesteek.

Die B-span het Lichtenburg A met 1—0 geklop.—(Eie berig.)

Beyers Claasen

VIR U

GRADEFOTO'S

LOMBARDSTRAAT 52 FOON 455



# Jong Krieketspan Op Die Segepad

'n VASBERADE KRIEKETSPAN van die Puk het onlangs op Vierfontein daarin geslaag om die tuisspan in 'n ligawedstryd met sewe paaltjies die loef af te steek.

Vierfontein het in hul twee beurte 85 en 90 lopies onderskeidelik behaal. In hul eerste beurt het die Pukke 134 lopies aangeteken. Fanie du Plessis (31), Paul du Plessis (16) en Kobie van der Walt (15) het uitstekend gekolf.

Die Pukke het hierna slegs 46 lopies nodig gehad om te wen—'n totaal wat hulle maklik verbygesteek het.

**SPANNEND**

Verlede Saterdag het die Pukspan in 'n spannende wedstryd 'n naelskraap oorwinning met slegs een paaltjie oor Gimnasium behaal in 'n vriendskaplike botsing.

● Die krieketkolwe is nou weggepak, maar die Pukke sien met groot verwagting uit na die volgende seisoen want die groot aantal nuwelinge en geesdrif onder die spelers hou mooi belofte in.—(Eie berig.)

## Hokkiespan Vaar Goed En Sleg

Hoewel die eerste manshokkiespan vanjaar sonder die dienste van nege van verlede jaar se staatmakers moet klaarkom, wil dit nogtans skyn asof die eerstespan vanjaar weer baie klubs in die liga opdraand gaan gee.

Dit is voor verlede Saterdag deeglik bewys toe hierdie bykans nuwe span in 'n vriendskaplike wedstryd teen Lichtenburg (op Lichtenburg) gelykop gespeel het het twee doele elk.

Doele is behaal deur Gert Snyman en Matie Rossouw. Veteraan Hessel Dykstra, kaptein Jan Ras, en Jakkals Reinecke het verdienstelikke spel gelewer.

**LIGA**

In die eerste ligawedstryd van die seisoen, teen Ellaton op die Pukveld, het die eerste span Saterdag met twee doele teen nul verloor.

Dit was 'n taai wedstryd en geensins so aanskoulik soos die een teen Lichtenburg nie.

Die tweede span het in hulle eerste wedstryd van die seisoen (ook 'n ligawedstryd) nie so baie goed gevaar nie. Hulle het met sewe doele teen nul teen die Landboukollege verloor.—(Eie berig.)

## Belowende Vooruitsigte

Hoewel die winter nog nie hier is nie, het die korfbalseisoen reeds aangebreek. Op Saterdag 18 Maart het afgevaardigdes van alle korfbalklubs in Wes-Transvaal te Klerksdorp byeengekom om sake van gemeenskaplike belang te bespreek.

Van die vernaamste aantrekkingskragte die seisoen is 'n kursus wat gehou sal word om korfbalreëls en ander probleme in verband met die spel te verduidelik asook die keuring van die A- en B-spanne vir Wes-Transvaal. Puk hoop om ook 'n paar dames daar te hê.

Die korfbalklub het heelwat nuwe talent bygekry en behoort nie sleg te vaar in sowel die ligawedstryde as in Intervarsity nie.—(Eie berig.)


**Dames!**

**PROTEA APTEEK**

*Spesialiseer in SKOONHEIDSMIDDELS:*

* HELENA RUBENSTEIN
* Dr. PAYOT

KERKSTRAAT 86

**Trap vas met Dixi . . .**

**Dixi-Cola**

**Potch. Mineral Waters (Pty.) Ltd.**

SHERR & SHAKINOVSKY

FOON 16 en 1144 POSBUS 134

U het volop keuse in ONS groot verskeidenheid

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BEPERK**

„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"

KERKSTRAAT 91—95 TELEFOON 1164 & 497
BORCHERDSTRAAT TELEFOON 3431

POTCHEFSTROOM


## Klein Dalrymple Op Potch.

**Op 22 April vind die Matt Maree-byeenkoms (Klein Dalrymple) op Potchefstroom plaas.**

**Benewens die P.U. sal ook die Universiteite van Pretoria, Witwatersrand, Bloemfontein en Natal op die byeenkoms verteenwoordig wees.**

**Alles dui daarop dat dit 'n puik byeenkoms sal wees en dit sal ook van groot hulp wees vir die keurders van die voorgestelde Universiteitspan. — (Eie berig.)**

TAFELTENNIS

## VERTONINGS PUIK

Na hulle oortuigende oorwinning op Dinsdag, 21 Maart van 7—3 oor Sentraal Wes Koöperasie A, is die Puk A-span nou heel bo aan die liga.

Reeds in hierdie vroeë stadium lyk dit al onwaarskynlik of hulle 'n enkele nederlaag in die Klerksdorp/Potchefstroom-afdeling gaan lei.

Faan Oosthuizen wat nog nie 'n enkele wedstryd in die liga verloor het nie, het sy onoorwonne rekord gehandhaaf deur al drie sy enkelspelle te wen asook die dubbel saam met Tollie du Plooy. Lg. het ook lekker tafeltennis gespeel en twee van sy drie enkelspelle gewen.


Die dames A het 'n verdere nederlaag van 10—0 teen Jeugsentrum A op die lyf geloop.

Slegs twee Pukke gaan gedurende die vakansie aan die Wes-Transvaalse tafeltenniskampioenskappe deelneem, nl. Faan Oosthuizen en Willie Potgieter. Hulle sal aan die manseke1sowel as die dubbelwedstryde deelneem.—(Eie berig.)

# BOSMAN SKITTER EN PUKKE WEN OORTUIGEND

DIE PUK SE EERSTESPAN het Saterdag stukke beter vertoon as in die eerste wedstryd van die seisoen en in 'n taai en harde botsing die pyp gerook deur Welkom Rovers met 11-5 kaf te draf.

**Veral die losvoorspelers van die Puk het uitgeblink en dit was dan ook 'n lus om te aanskou hoe die drietal saamgejag het. Piet Bosman het waarskynlik een van die beste vertonings van sy loopbaan gelewer en sal vanjaar moeilik uit die Wes-Transvaalse span gehou kan word.**



Piet Bosman.

**VERDEDIG DODELIK**

**Die senters, Leon Thom en Jan van der Schyff het dodelik verdedig en was lus vir gapings. Ongelukkig is die Pukvleuel, Du Plessis, kort na die aanvang sodanig beseer dat hy waarskynlik ook nie die toer na die S.W.D. sal kan meemaak nie.**

**In die heelagtervesting het Hannes Sauerman 'n pragvertoning gelewer en hy was dan ook deurgaans op sy pos.**

**PUNTE**

**Du Plessis het die eerste drie gedruk na 'n kort skoppie van Jan van der Schyff wat vervyf is deur Schalk Hoogenboezem.**

**Hierna het Bosman sy krag gebruik en los deurgenael vir 'n pragdrie wat nie vervyf is nie.**

**Koos du Plooy het die Puk se laaste drie gedruk toe hy in die agterlyn geglip het en in die hoek oorgeval het.**

**Vir Welkom Rovers het Chris Holtshauzen 'n drie gedruk wat vervyf is.**

**Navy het met 25—3 die onderspit gedelf terwyl Fires met 11—11 gelykop gespeel het. — (Eie berig).**

## Kuikens Hou Belofte In

**Albei die O/19 spanne het die seisoen goed afgesit toe sowel die A- as die B-span hul vriendskaplike wedstryde teen Yskor op Vanderbijlpark gewen het.**

Die A-span het 'n oorwinning van 9—0 behaal in 'n wedstryd wat deur hegte voorspel gekenmerk is. Gebrek aan slaankrag in die agterlyn het verhoed dat die telling hoër was.

Onder die voorspelers was die uitblinkers veral Koos du Plessis (slot) en Barnard (flank). Hulle het die veld vol gespeel en boonop het Du Plessis nog gesorg dat sy span die bal in die lynstane kry.

**BELOFTE**

Kobie van der Walt, skrumskakel, en C. Snyman, vleuel, was die beste agterspelers in die agterlyn. Losskakel Dries Redelinghuis moet net leer om die bal vinniger te laat loop; verder toon ook hy baie belofte vir die toekoms.

Punte is aangeteken deur Eras en Snyman (drieë) en De Villiers (strafskop).

**B-SPAN**

Die B-span het met 13—3 geseëvier en 'n goeie vertoning gelewer. Kenners is dit eens dat daar lanklaas soveel talent onder die kuikens was as juis vanjaar. As sommige staatmakers eers klaar is met atletiek dan gaan die byle huil.—(Eie berig.)

# Onder 19-span Kraai Weer Koning

**Die O/19 A-span het Saterdag weer 'n mooi wedstryd gespeel en die span van Welkom Rovers met 17-0 verslaan.**

Die grondslag vir hierdie mooi oorwinning is deur die voorspelers gelê. Hulle het in sowel die lynstane as die skrums koning gekraai.

Die twee flanke, Koos du Plessis en Barnard, was veral uitblinkers in die losspel. Barnard het veral op die verdediging uitgeblink en Rovers se losskakel geen duim beweegruimte gelaat nie.

**BAIE BETER**

Die agterlyn het sommer stukke beter vertoon as teen Yskor, maar hulle kon nog nie al die goeie werk van die voorspelers behoorlik afrond nie. Die twee vleuels, Aucamp en Steyn, sowel as die skrumskakel, Kobie van der Walt, het flink vertoon.

Punte is aangeteken deur vleuels Aucamp en Steyn (drie elk), skrumskakel Van der Walt (drie), senter Van der Merwe (drie) terwyl voorryman Viljoen 'n strafskop en een vervyfskop deur die pale gejaag het.—(Eie berig.)

## Driehoekige Byeenkoms

Die P.U. Atletiekklub het in 'n mosie aan die Suid-Afrikaanse Universitêre Atletiekfederasie gevra dat daar vanjaar 'n byeenkoms gehou word tussen 'n gekombineerde S.A. Universiteitespan en 'n span van die Weermag en die Res van Suid-Afrika.

Indien die mosie aanvaar word (en die moontlikheid daarvan is groot) sal die byeenkoms op Potchefstroom gehou word en deur Wes-Transvaal gereël word.

Prof. D. P. J. Smith, voorsitter van die S.A.U.A.F., het die saak reeds in beginsel goedgekeur.—(Eie berig.)

## In en Om die Kleedkamers

OP 'N MASSAVERGADERING aan die einde van 1960 is besluit dat die U.V.-Rugbyklub voortaan vir buitestaanders geslote sal wees. Slegs studente en oud-studente mag voortaan vir die klub speel, lg. onder sekere voorwaardes.

Dit is 'n verblydende besluit, veral omdat dit geneem is reeds voordat die verteenwoordigers van Universiteite vergader het om 'n Universitêre Sportraad te stig waar hierdie saak ook bespreek is.

Die Sportraad sal egter nie gou in werking kan tree nie, maar nou het U.O.V.S. die struikelblok uit die weg geruim.

Volgens Irawa is die besluit geneem as gevolg van klagtes van die P.U. en Rhodes oor die aantal buitestaanders in die eerstespan, ook omdat ander sportklubs hul lidmaatskap wou opgooi en omdat daar gevoel is dat 'n oop klub die gees in die klub verswak.

**SPORTVELDE**

Die sportvelde van die Universiteit is oor die algemeen in goeie toestand en selfs die „wuiwende grassate" op die bofbalveld word so af en toe gesny.

Dog die arme krieketklub se geriewe is nog steeds karig, ten spyte daarvan dat hulle so goed gevaar het op die pas-afgelope kriekettoernooi.—(Sportred., D.W.)


**LE ROUX ATELJEE**

vir al u

FOTO'S EN FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE

asook

**GRADEDAGFOTO'S**

Besoek ons Ateljee te

VON WIELLIGHSTRAAT 33 TELEFOON 2217


Gedruk deur Enslins, Potchefsroom, en uitgegee deur die P.U. vir C.H.O. Studenteraad.